# Hoofstuk 5 Empiriese Ondersoek

## 5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word verslag gedoen van die empiriese ondersoek. Die doel van die ondersoek is om te bepaal of skoolbegrotings as finansiële instrumente gebruik kan word om effektiewe onderrig en leer in openbare skole te bevorder.
Die volgende spesifieke doelwitte word hier aangespreek in die empiriese ondersoek, naamlik: watter prioriteite word deur finansiële komitees gebruik met die opstel van 'n begroting? (par. 1.5.1); watter faktore beïnvloed die toewysings van uitgawes in 'n begroting? (par. 1.5.2); word die grootste gedeelte van die begroting toegewys aan onderrig en leer? (par. 1.5.3); watter faktore beïnvloed die beheer en bestuur van skoolfinansies vanuit 'n bestuurraamwerk? (par. 1.5.4); watter faktore speel 'n rol in die hantering van finansiële krisisse? (par. 1.5.5) wat is die taak van die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam in die bestuur van die skool? (par. 1.5.6)

Daar word aandag geskenk aan die interpretasie van die data. In die voorafgaande hoofstukke is die wetgewing en teorie van toepassing op skoolfinansies en skole bespreek. 'n Toepaslike literatuurstudie is gedoen om die beredenering toe te lig. 'n Meetinstrument is gebruik om die menings van skoolhoofde en skoolbeheerliggaamlede ten opsigte van die vraelyste te bepaal.

## 5.2 Konstruksie van vraelyste

### 5.2.1 Struktuur van die vraelys

Die gestruktureerde vraelys bestaan uit die volgende sewe afdelings wat hierna breedvoerig toegelig sal word:

- Afdeling 1 (Vrae 1.1 – 1.5) Demografie van respondente
- Afdeling 2 (Vrae 2.1 − 2.13) Hantering van finansies
- Afdeling 3 (Vrae 3.1 − 3.14) Finansiële komitee se werksaamhede
- Afdeling 4 (Vrae 4.1 – 4.5) Buitemuurse aktiwiteite en akademie
- Afdeling 5 (Vrae 5.1 – 5.7) Begroting
- Afdeling 6 (Vraag 6) Prioriteitlys vir die opstel van die begroting
- Afdeling 7 (Vrae 7.1 – 7.4) Hantering van finansiële krisisse

Die afdelings bestaan uit 47 vrae. Skoolhoofde en/of skoolbeheerliggaamlede het hulle menings gegee oor `n verskeidenheid aspekte van begrotings en finansies rakende hulle skole. Respondente het hulle opinies gegee deur óf `n kruis te trek in die toepaslike blok, óf deur enige van die syfers 4, 3, 2 of 1 in die betrokke kolom verskaf, te merk.

Die verklaring vir syfers 4, 3, 2 of 1 is soos volg:

- Syfer 4 verteenwoordig `n “hoë mate” van bereiking.
- Syfer 3 verteenwoordig `n “redelike mate” van bereiking.
- Syfer 2 verteenwoordig `n “geringe mate” van bereiking.
- Syfer 1 verteenwoordig `n “glad nie” bereiking.

Die vraelys is bespreek met die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria en is met enkele aanpassings reggestel en gesirkuleer aan skoolhoofde en of skoolbeheerliggaamlede van sekondêre skole in Gauteng wat `n slaagsyfer van meer as 80% in die nasionale eindeksamen behaal het.

### 5.2.2 Respons op vraelyste uitgestuur

Soos reeds bespreek in par. 2.2.2 is 90 vraelyste aan sekondêre skole in Gauteng uitgestuur. Die skole is gekies uit die artikel 21-skole met gelykwaardige sosio-ekonomiese gemeenskappe. Die skole is kwintiel 4 en 5 openbare skole. Die skole wat gekies is het almal `n slaagsyfer van hoër as 80% in die nasionale eindeksamen behaal. Skole met `n slaagsyfer van 80% of hoër word vir die doel van hierdie studie gedefinieer as skole waar effektiewe onderrig en leer plaasvind. In hierdie konteks is effektief beter as die gemiddeld, waar die amptelike slaagsyfer van die Republiek van Suid Afrika 67,8% vir 2010 was volgens die South African Web (2011:1) en die amptelike slaagsyfer van Gauteng 78,6% was volgens Creecy (2011:2).

Die enigste bepalende faktor is die nasionale eindeksamen wat aan sekere voorafbepaalde standaarde voldoen en wat meetbaar is om te bepaal of effektiewe onderrig en leer plaasvind. Die vraelys is aan die skoolhoof gestuur, en die skoolhoof kon dit self of deur `n beheerliggaamlid laat voltooi. Die rede hiervoor is dat indien die skoolhoof nie oor genoegsame kennis van finansies sou beskik nie, hy of sy dan die beheerliggaamlid dit sou laat voltooi. In die meeste van die gevalle waar die skoolhoof dit nie voltooi het nie is dit deur die voorsitter van die finansiële komitee voltooi. In sommige gevalle het die skoolhoof en `n beheerliggaamlid die vraelyste voltooi. Aangesien slegs 10 beheerliggaamlede die vraelyste voltooi het en dit `n baie klein persentasie uitmaak van die totale aantal vraelyste, is daar besluit om hulle vraelyste nie apart te interpreteer nie maar eerder deel te maak van die totale steekproef. Die vraelyste is in elk geval aan `n skool gestuur en dit is nie vir die navorser om te sê of die skoolhoof of `n beheerliggaamslid dit moet voltooi nie.
Daar is besluit om die uitslag van taal, geslag en kwalifikasie nie te openbaar nie aangesien dit nie `n beduidende invloed op die data gehad het nie.

| Tabel 5.1 Aantal vraelyste uitgestuur en terug ontvang | | | |
|---|---|---|---|
| SKOLE | UITGESTUUR | TERUG ONTVANG | % |
| Sekondêre skole | | | |
| Afrikaans | 48 | 38 | 79 |
| Engels | 18 | 10 | 56 |
| Afrikaans en Engels | 24 | 17 | 72 |
| TOTAAL | 90 | 65 | 72 |

Landman (1983:112) en Du Plessis (2002:222) is van mening dat betroubare en geldige afleidings gemaak kan word as daar minstens 'n 70% respons is. Die aanname wat dus in hierdie navorsing gemaak word, is dat die inligting geldig is vir die Gauteng provinsie se sekondêre skole in kwintiel 4 en 5 maar dit kan van toepassing wees op ander soortgelyke skole met dieselfde omstandighede.

### 5.2.3 Die SAS-program

Inligting wat verkry is uit die vraelyste is deur die Universiteit van Pretoria se Departement Statistiek met behulp van die SAS-rekenaarprogram (Statistical Analysis System) verwerk. By elke vraag is die frekwensie, persentasie van frekwensie, die kumulatiewe frekwensie en die persentasie van die kumulatiewe frekwensie verkry. Volgens Du Plessis (2002:222) is statistiek slegs beskrywend van aard en die doel daarvan is om `n beeld te verkry van hoe daar gerespondeer is op al die vrae van die verskillende afdelings.

## 5.3 Interpretasie van data

Die rekenaaruitdrukke is nagegaan ten opsigte van elke vraag in elke afdeling. Vervolgens is verskillende tabelle en grafieke saamgestel wat die verskillende frekwensies en persentasies van die respondente se antwoorde aandui. Wanneer hierna na persentasies in die besprekings verwys word, word die persentasie tot die naaste heelgetal afgerond.

### 5.3.1 Demografie van respondente (vraag 1.1 tot vraag 1.5 p. 209)


Die doel van hierdie vyf vrae is om te bepaal of die skoolhoof of skoolbeheerliggaamlid die vraelys voltooi het, die jare ervaring in die betrokke pos, akademiese kwalifikasie, finansiële kwalifikasie en onderrigtaal van die betrokke skool.

| Tabel 5.2 Demografiese inligting van die skoolhoofde en skoolbeheerliggaamlede | | |
|---|---|---|
| **Posisie in skool (Vraag 1.1 p.209 )** | Frekwensie | % |
| Skoolhoof | 55 | 84.62 |
| Beheerliggaamlid | 10 | 15.38 |
| **TOTAAL** | **65** | **100** |
| **Jare ondervinding in pos (Vraag 1.2 p. 209)** | Frekwensie | % |
| 1−5 jaar | 13 | 20 |
| 6−10 jaar | 13 | 20 |
| 11−15 jaar | 21 | 32.31 |
| 16−20 jaar | 14 | 21.54 |
| 20+ jaar | 4 | 6.15 |
| **TOTAAL** | **65** | **100** |

| **Akademiese kwalifikasie (Vraag 1.3 p. 209)** | Frekwensie | % |
|---|---|---|
| Nie gegradueer nie | 7 | 10.77 |
| Graad | 11 | 16.92 |
| Honneursgraad | 27 | 41.54 |
| Meestergraad | 15 | 23.08 |
| PhD | 4 | 6.15 |
| Ander (Diploma) | 1 | 1.54 |
| **TOTAAL** | **65** | **100** |
| **Finansiële kwalifikasie (Vraag 1.4 p. 209)** | Frekwensie | % |
| Geen | 39 | 60.94 |
| Diploma | 6 | 9.38 |
| Graad | 10 | 15.63 |
| Honneursgraad | 5 | 7.81 |
| Meestergraad | 3 | 4.69 |
| PhD | 1 | 1.56 |
| Ander | 0 | 0 |
| **TOTAAL (Een kandidaat het nie die vraag beantwoord nie)** | **64** | **100** |
| **Onderrigtaal van skool (Vraag 1.5 p. 209)** | Frekwensie | % |
| Afrikaans | 38 | 58.46 |
| Engels | 10 | 15.38 |
| Afrikaans en Engels | 17 | 26.15 |
| **TOTAAL** | **65** | **100** |

Die volgende data is verkry uit tabel 5.2:


85% van respondente wat die vraelyste voltooi het , is skoolhoofde teenoor die 15% respondente wat skoolbeheerliggaamlede is. Dit is moontlik dat die skoolhoofde nie die vraelyste aan hulle beheerliggaamlede gegee het nie, of dat die beheerliggaamlede net nie bereid was om die vraelyste te voltooi nie, aangesien die vraelys gestuur is aan die skool met die versoek dat die skoolhoof of `n beheerliggaamslid betrokke by finansies die vraelys moes voltooi.




**Figuur 5.1 Demografie van skole gekies se graad 12-eksamenslaagsyfer vir 2010**

Ten einde te bepaal of daar effektiewe onderrig en leer ter sprake is by die gekose skole, moes hulle ten minste 80% behaal in die graad 12 nasionale eindeksamen.


Kortom, al die skole se slaagsyfer is bo die amptelike slaagsyfer van 67,8% vir 2010 in Suid-Afrika volgens South African Web (2011:1) en die amptelike slaagsyfer van 78,6% in Gauteng volgens Creecy (2011:2).




Die gevolgtrekking wat gemaak kan word is die volgende:

- Die grootste persentasie, naamlik 85%, van die respondente is skoolhoofde en slegs 15% skoolbeheerliggaamlede.

Die demografie van die respondente gee die volgende interessante data uit tabel 5.2:




- 20% van die respondente het 5 jaar of minder ervaring in die pos wat as relatief onervare beskou kan word.
- 40% het 10 jaar of minder ervaring en is meer ervare.
- 72% respondente het 15 jaar of minder ervaring in die pos en is baie ervare.

Die meerderheid, naamlik 32% skoolhoofde en skoolbeheerliggaamlede, het 11 tot 15 jaar ervaring en die skoolhoofde se skole het `n slaagsyfer van meer as 97%.

Van die respondente wat skoolbeheerliggaamlede is se ervaring is soos volg:

- 40% het 1 tot 5 jaar ervaring.
- 30% het 6 tot 10 jaar ervaring.
- 20% het 11 tot 15 jaar ervaring.
- 10% het 16 tot 20 jaar ervaring.


Hieruit blyk die volgende t.o.v. die ervaring van skoolbeheerliggaamlede:

- Slegs 40% het 1 tot 5 jaar ervaring wat slegs een tot twee termyne dien in die skoolbeheerliggaam.
- 30% het 6 tot 10 jaar ervaring wat drie tot vier termyne dien in die skoolbeheerliggaam.
- 20% het 11 tot 15 jaar ervaring wat vier tot vyf termyne dien in die skoolbeheerliggaam.
- 10% het 16 tot 20 jaar ervaring wat ses tot sewe termyne dien in die skoolbeheerliggaam en uiters ervare is.

Van die respondente wat skoolhoofde is, is die ervaring soos volg:

- 16.4% het 1 tot 5 jaar ervaring.
- 18.2% het 6 tot 10 jaar ervaring.
- 38.1% het 11 tot 15 jaar ervaring.
- 21.9% het 16 tot 20 jaar ervaring.
- 5.4% het 20 jaar en meer ervaring.


Die meerderheid skoolhoofde het 11 tot 15 jaar ervaring; die tweede grootste persentasie is 16 tot 20 jaar.



41% van die respondente beskik oor `n Honneursgraad terwyl 71% van die respondente oor `n nagraadse kwalifikasie beskik. 43% skoolhoofde beskik oor `n Honneursgraad en 78% beskik oor `n nagraadse kwalifikasie.

Die volgende afleidings kan gemaak word:


- Skoolhoofde wat oor nagraadse kwalifikasies beskik (78%) het hulleself akademies meer voorberei om sodoende hulle professionele take by die skool beter te kan uitvoer as die wat nie verder studeer het nie (21%).
- Skoolhoofde wat oor verdere kwalifikasies beskik, is meer opgelei in skoolbestuur om die dag tot dag bestuur te vergemaklik.




Die meeste respondente (61%) beskik oor geen finansiële kwalifikasie en slegs 40% van skoolbeheerliggaamlede beskik oor `n finansiële kwalifikasie.

Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Skoolhoofde is nie finansieel voldoende opgelei om die finansies te hanteer nie.
- Skoolhoofde kanfinansiële state nie suksesvol opstel en ontleed en vertolk nie (alhoewel dit nie hulle taak is om state op te stel nie);
- Skoolhoofde kan in `n mindere mate finansiële verslag doen;dikwels word die taak ook oor dié rede aan iemand anders oorgedra om te verrig.




Uit die navorsing blyk dat in 58% skole is die onderrigtaal Afrikaans, in 15% Engels en in 26% beide Afrikaans en Engels.

Uit bogenoemde kan die volgende afleiding gemaak word:

- 58% van die leerlinge word onderrig in Afrikaans en 15% in Engels.
- 74% van die leerlinge word onderrig in een voertaal by die skool.
- Slegs 26% van die leerlinge word onderrig in Afrikaans en Engels.

Die slaagsyfer van die skole vir die verskillende onderrigtale is soos volg:

- Afrikaansmediumonderrig 98%
- Engelsmediumonderrig 97%
- Dubbelmediumonderrig 95%

Onderrigtaal beïnvloed die leer van leerders in skole.

## 5.3.2 Hantering van finansies (Vrae 2.1 tot 2.13 p. 210)

Een van die doelwitte van hierdie navorsing is om te bepaal of skoolhoofde en skoolbeheerliggaamlede oor die kundigheid beskik om finansiële bestuur doeltreffend te kan aanwend om onderrig en leer te bevorder soos vervat in doelwit (par.1.5.6) wat is die taak van die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam in die bestuur van die skool?

Afdeling 2 van die vraelys is geskep om moontlike vrae te kan beantwoord.


| **Tabel 5.3 Skoolhoofde en skoolbeheerliggaamlede se hantering van finansies** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1= glad nie** | **2 = geringe mate** | | **3= redelike mate** | | **4= hoë mate** | |
| **Nr.** | **Vraag** | **Waarde** | **Frekwensie** | **%** | **Kumulatiewe Frekwensie** | **Kumulatiewe persentasie** |
| 2.1 | Het u enige finansiële opleiding van die Gautengse Departement van Onderwys ontvang? | 1<br>2<br>3<br>4 | 27<br>29<br>6<br>3 | 41.54<br>44.62<br>9.23<br>4.62 | 27<br>56<br>62<br>65 | 41.54<br>86.15<br>95.38<br>100 |
| 2.2 | Het u enige finansiële indiensopleiding by u skool ontvang? | 1<br>2<br>3<br>4 | 15<br>14<br>28<br>8 | 23.08<br>21.54<br>43.08<br>12.31 | 15<br>29<br>57<br>65 | 23.08<br>44.62<br>87.70<br>100 |

| 1 = glad nie | | 2 = geringe mate | | 3 = redelike mate | | 4= hoë mate |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Nr.** | **Vraag** | **Waarde** | **Frekwensie** | **%** | **Kumulatiewe Frekwensie** | **Kumulatiewe persentasie** |
| 2.3 | Is u vertroud met die SA Skolewetartikels rakende finansies? | 1<br>2<br>3<br>4 | 1<br>6<br>33<br>25 | 1.54<br>9.23<br>50.77<br>38.46 | 1<br>7<br>40<br>65 | 1.54<br>10.77<br>61.52<br>100 |
| 2.4 | Delegeer u finansiële bestuurtake aan u personeel? | 1<br>2<br>3<br>4 | 2<br>16<br>23<br>24 | 3.08<br>24.62<br>35.38<br>36.92 | 2<br>18<br>41<br>65 | 3.08<br>27.69<br>63.08<br>100 |
| 2.5 | Word finansiële bestuurtake skriftelik gedelegeer? | 1<br>2<br>3<br>4 | 6<br>10<br>21<br>28 | 9.23<br>15.38<br>32.31<br>43.08 | 6<br>16<br>37<br>65 | 9.23<br>24.61<br>56.92<br>100 |
| 2.6 | Het u skool `n finansiële komitee? | 1<br>2<br>3<br>4 | 9<br>0<br>3<br>53 | 13.85<br>0<br>4.62<br>81.54 | 9<br>0<br>12<br>65 | 13.85<br>0<br>18.46<br>100 |
| 2.7 | Is u bewus van die inhoud van Artikel 38A (Ekstra vergoeding aan staatamptenare)? | 1<br>2<br>3<br>4 | 1<br>1<br>12<br>51 | 1.54<br>1.54<br>18.46<br>78.46 | 1<br>2<br>14<br>65 | 1.54<br>3.08<br>21.54<br>100 |
| 2.8 | Ontvang u personeel addisionele vergoeding van die skool? | 1<br>2<br>3<br>4 | 10<br>11<br>11<br>33 | 15.38<br>16.92<br>16.92<br>50.77 | 10<br>21<br>32<br>65 | 15.38<br>32.31<br>49.23<br>100 |

| 1= glad nie | 2 = geringe mate | | 3= redelike mate | | 4= hoë mate | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Nr.** | **Vraag** | **Waarde** | **Frekwensie** | **%** | **Kumulatiewe Frekwensie** | **Kumulatiewe persentasie** |
| 2.9 | Is die huidige inkomste voldoende om die uitgawes te dra? | 1<br>2<br>3<br>4 | 9<br>7<br>17<br>32 | 13.85<br>10.77<br>26.15<br>49.23 | 9<br>16<br>33<br>65 | 13.85<br>24.62<br>50.77<br>100 |
| 2.10 | Moet u skool fondsinsamelingprojekte loods om die begroting te laat klop? | 1<br>2<br>3<br>4 | 10<br>22<br>14<br>19 | 15.38<br>33.85<br>21.54<br>29.23 | 10<br>32<br>46<br>65 | 15.38<br>49.23<br>70.77<br>100 |
| 2.11 | Is die privaatsektor finansieel by u skool betrokke? | 1<br>2<br>3<br>4 | 12<br>29<br>17<br>7 | 18.46<br>44.62<br>26.15<br>10.77 | 12<br>41<br>58<br>65 | 18.46<br>63.08<br>89.23<br>100 |
| 2.12 | Is die skoolbeheerliggaam in beheer van fondsinsamelingprojekte by die skool? (Een respondent het nie vraag beantwoord nie) | 1<br>2<br>3<br>4 | 17<br>22<br>14<br>11 | 26.15<br>33.85<br>21.54<br>16.92 | 18<br>40<br>54<br>64 | 27.69<br>61.54<br>83.08<br>100 |
| 2.13 | Is finansiële kundige persone van die beheerliggaam betrokke by die finansies? (Een respondent het nie vraag beantwoord nie) | 1<br>2<br>3<br>4 | 2<br>5<br>13<br>44 | 3.13<br>7.81<br>20.31<br>68.75 | 2<br>7<br>20<br>64 | 3.13<br>10.94<br>31.25<br>100 |

### 5.3.2.1 Het u enige finansiële opleiding van die Gautengse Departement van Onderwys ontvang? (Tabel 5.3 p.98 en vraag 2.1 p. 210)

**Figuur 5.7 Finansiële opleiding vanaf Gautengse Departement van Onderwys**





89% van die skoolhoofde en skoolbeheerliggame het min of geen opleiding ontvang van die Departement nie. Dit is moontlik dat die persone nie die formele opleidingsessies vir beheerliggame bygewoon het nie. Slegs nege persone het opleiding ontvang. Wat die beeld vererger is dat die sewe en vyftig skoolhoofde en skoolbeheerliggaamlede wat die finansies van hulle skole hanteer geen opleiding ontvang het van die Departement nie. Dit is ook moontlik dat die Departement self nie oor kundige persone beskik om die opleiding te verskaf nie, en as die Schoombee and others v MEC for Education, Mpumalanga and another saak (par. 3.8 p. 58) as maatstaf gebruik word, is die Departement self onseker wat hulle en die skoolhoof se rol in die hantering van finansies is.

Uit bogenoemde word die volgende afleidings gemaak:

- Skoolhoofde en skoolbeheerliggaamlede het min of geen finansiële opleiding van die Departement van Onderwys ontvang tydens hulle studies nie.
- Baie skoolbeheerliggaamlede is nie finansieel kundig om finansieel te bestuur in die skool nie.
- Skoolhoofde in `n gedelegeerde hoedanigheid en skoolbeheerliggaamlede wat verantwoordelik is vir die skool se finansies slegs in `n besturende hoedanigheid optree. Skoolbeheerliggame is verantwoordelik vir beleidbepaling maar hulle het ook `n bestuurverantwoordelikheid ten opsigte van skoolfinansies wat verskillend is van beleiduitvoering. Die pligte van die skoolbeheerliggaam is reeds in par. 3.10 p.63 bespreek.
- Die Departement van Onderwys: meer finansieel-kundige persone moet beskikbaar gestel word om die skole te help in hulle finansiële bestuurbehoeftes.

### 5.3.2.2 Het u enige finansiële indiensopleiding by u skool ontvang? (Tabel 5.3 p. 98 en vraag 2.2 p. 210)




48% van die skoolhoofde en skoolbeheerliggaamlede het finansiële opleiding by hulle skole ontvang. Dit is kommerwekkend dat die meerderheid van 52% geen of geringe opleiding ontvang het. Finansiële bestuur is tans`n baie omvangryke proses by skole en dit blyk dat geen opleiding daarin verskaf word nie.

Uit bogenoemde word die volgende afleidings gemaak:

- Baie van die skole investeer in finansiële opleiding van hulle skoolhoofde en skoolbeheerliggaamlede om hulle toe te rus om hul finansiële bestuurtake suksesvol te kan verrig.
- Daar bestaan egter nog by 45% van die respondent-skole `n leemte t.o.v. finansiële bestuuropleiding.


### 5.3.2.3 Is u vertroud met die SA Skolewet Artikels rakende finansies? (Tabel 5.3 p.99 en vraag 2.3 p. 210)



61% van die skoolhoofde en skoolbeheerligaamlede is vertroud met die Skolewet. Die Skolewet word deur die Departement van Onderwys, FEDSAS (Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole) en SAOU (Suid-Afrikaanse Onderwyserunie) aan hoofde en beheerliggaamlede beskikbaar gestel; vandaar die bekendheid met die Skolewet.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat die meerderheid skoolhoofde en skool-beheerliggaamlede oor genoegsame kennis van die Skolewet beskik.

### 5.3.2.4 Delegeer u finansiële bestuurtake aan u personeel? (Tabel 5.3 p.99 en vraag 2.4 p. 210)





72% van die skoolhoofde en skoolbeheerliggaamlede delegeer take aan hulle personeel.

Delegering vind plaas om die volgende redes:

- Min of geen hoofde het finansiële opleiding ontvang.
- Die neiging by skole is om finansiële kundige persone aan te stel om die taak te verrig.
- Verligting van die skoolhoof se werklading.


### 5.3.2.5 Word finansiële bestuurtake skriftelik gedelegeer? (Tabel 5.3 p.99 en vraag 2.5 p. 210)




75% van die skoolhoofde en skoolbeheerliggaamlede delegeer finansiële take skriftelik en voldoen so aan die wetlike vereistes dat opdragte skriftelik gedelegeer word. Die skoolbeheerliggaam bly steeds verantwoordelik vir die skool se finansies al word die take gedelegeer aan die skoolhoof of iemand anders.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die meeste skoolbeheerliggame die taak van finansies skriftelik delegeer aan die skoolhoof, adjunkhoof, registrateur of onderwyser, wat ook al van toepassing is.

### 5.3.2.6 Het u skool `n finansiële komitee? (Tabel 5.3 p.99 en vraag 2.6 p. 210)





86% van die skole voldoen aan die wetlike vereistes terwyl 14% van die skole glad nie oor `n finansiële komitee beskik nie.

Uit bogenoemde kan die volgende afleidings gemaak word:

- Kommerwekkend is dat 14% van skole nie oor finansiële komitees beskik nie.
- Dié skole voldoen nie aan die Artikel 29 (ampsdraers) en Artikel 30 (komitees van die beheerliggaam) van die Skolewet nie.

5.3.2.7 Is u bewus van die inhoud van Artikel 38A (Ekstra vergoeding aan staatamptenare) (Tabel 5.3 p.99 en vraag 2.7 p. 210)





Artikel 38A van die Skolewet (Republiek van Suid-Afrika, Wet 76 van 1998) plaas die verbod op die betaling van ongemagtigde besoldiging, of die gee van finansiële voordeel of goederevoordeel aan sekere werknemers. Hiervolgens mag die skoolbeheerliggaam nie aan 'n staatwerknemer enige ekstra besoldiging, ander finansiële voordeel of goederevoordeel betaal of gee nie. 'n Skoolbeheerliggaam kan by die Departement van Onderwys aansoek doen om goedkeuring om aan 'n staatwerknemer enige betaling te maak.

97% van die skoolhoofde en skoolbeheerliggaamlede is bewus van die Artikel 38A en 3% is nie bewus van die betrokke artikel nie.

Uit bogenoemde word die volgende afleidings gemaak:

- Die grootste persentasie skole is bewus van die Artikel en amptenare ontvang ekstra vergoeding van hulle skole; raadpleeg 5.3.2.8 waar 68% van die amptenare ekstra vergoeding ontvang.
- `n Klein persentasie is nie bewus daarvan nie en hulle skole betaal glad nie ekstra vergoeding aan hulle personeel nie – vandaar die onbekendheid met die Artikel aangesien dit nie van toepassing op hulle is nie.

### 5.3.2.8 Ontvang u personeel addisionele vergoeding van die skool? (Tabel 5.3 p.99 en vraag 2.8 p. 210)





68% van skoolhoofde en hulle personeel ontvang ekstra vergoeding van hulle skole.

Uit bogenoemde kan die volgende afleidings gemaak word:

- Die meerderheid skole se personeel ontvang ekstra vergoeding.
- Dit is moontlik `n redevir die beter akademiese prestasie omdat personeel meer toegewyd is as gevolg van die ekstra inkomste.

### 5.3.2.9 Is die huidige inkomste voldoende om die uitgawes te dra? (Tabel 5.3 p.100 en vraag 2.9 p. 210)





75% van die skole se inkomste is voldoende om hulle uitgawes te dek maar kommerwekkend is dat 25% van skole se inkomste nie voldoende is nie.

Uit bogenoemde kan die volgende afleidings gemaak word:

- Dit is moontlik dat die skole minder skoolgeld ontvang en vaste kostes soos water en elektrisiteit asook salarisse vir beheerligaamaanstellings bly steeds drasties styg.

5.3.2.10 Moet u skool fondsinsamelingprojekte loods om die begroting te laat klop? (Tabel 5.3 p.100 en vraag 2.10 p. 210)





Kommerwekkend is dat slegs 49% skole nie addisionele fondsinsamelingprojekte hoef te loods om hulle begroting te laat klop nie. Daarteenoor moet 51% wel addisionele fondsinsamelingprojekte loods om hulle begroting te laat klop.

Uit bogenoemde kan die volgende afleidings gemaak word:

- Skole se skoolgeld is nie genoegsaam nie.
- Die betalende ouers is nie genoeg om die begroting te laat klop nie. `n Moontlike teken hiervan is die toenemende werkloosheidsyfer en die feit dat skoolgeld laaste betaal word na die huishouding al sy ander verpligtinge nagekom het.
- Inkomste is nie korrek begroot nie.

### 5.3.2.11 Is die privaatsektor finansieel by u skool betrokke? (Tabel 5.3 p.100 en vraag 2.11 p. 210)





Hieruit volg dit duidelik dat die privaatsektor nie baie betrokke is by Artikel 21-skole nie. By slegs 37% is die privaatsektor tot `n redelike of hoë mate betrokke by die skole; by 63% van die skole is die privaatsektor glad nie of in `n geringe mate betrokke by artikel 21-skole.

Uit bogenoemde kan die volgende afleidings gemaak word:

- Die privaatsektor is moontlik betrokke by skole omdat van die persone betrokke by die maatskappye se kinders in die betrokke skool is.
- Dit dui daarop dat amper twee derdes van die geld wat die skool invorder uit die ouergemeenskap verkry word.
- Dit kan nadelige gevolge vir die skool inhou as die betrokke gemeenskap verarm want dan kan die moontlike inkomste van die skool drasties daal.

5.3.2.12 Is die skoolbeheerliggaam in beheer van fondsinsamelingprojekte by die skool? (Tabel 5.3 p.100 en vraag 2.12 p. 210)





34% van die skoolbeheerliggame is na `n geringe mate in beheer van die fondsinsamelings by die betrokke skool terwyl slegs 17% van die respondente in `n hoë mate betrokke is. Aangesien die skoolbeheerliggaam volgens die Skolewet in beheer van die skool se finansies is, is groter betrokkenheid as die 38% skoolbeheerliggame by fondsinsamelingprojekte verkieslik vir kontrole om hulle te vergewis dat daar nie onreëlmatighede by die projekte is nie.

Uit bogenoemde kan die volgende afleidings gemaak word:

- Dit kan daarop dui dat die skoolbeheerliggaam die skoolhoof en sy personeel heeltemal vertrou of hulle kan onbetrokke by die skool wees.
- Die skoolbeheerliggaam ag dit nie as sy werk nie.

- Skole se bestuurspanne tref self die nodige reëlings sonder om die skoolbeheerliggaam te nader vir hulp.
- Skoolbeheerliggame weet nie wat hulle pligte en verantwoordelikhede is nie.

### 5.3.2.13 Is finansiële kundige persone van die skoolbeheerliggaam betrokke by die finansies? (Tabel 5.3 p.100 en vraag 2.13 p. 210)




69% van die skoolbeheerliggame beskik oor baie kundige persone rakende die skool se finansies. Dit is verblywend aangesien die skoolbeheerligaam volgens die Skolewet aanspreeklik is teenoor die gemeenskap, die staat en die privaatsektor vir die skool se finansies.

Uit bogenoemde kan die volgende afleidings gemaak word:

- Skole verseker dat kundige persone verkies word op die skoolbeheerliggaam.
- Doeltreffende funksionerende finansiële komitees word verseker.
- Finansies word deur kundige persone in skole hanteer.

### 5.3.2.14 Finansiële komitees en hulle werksaamhede (vraag 3.1 tot vraag 3.14 p. 211−212)

Een van die doelwitte van hierdie navorsing is om te bepaal of skoolhoofde en skoolbeheerliggaamlede saam met die finansiële komitees van openbare skole se werksaamhede effektief is om onderrig en leer te bevorder (par. 1.5.7)

Tabel 5.4 Finansiële komitees en hulle werksaamhede

| **Vraagnr.** | **Vraag** | **Frekwensie** | **%** |
|---|---|---|---|
| **3.1** | **U skool se skoolgeld per leerder per jaar** | **Frekwensie** | **%** |
| | 0−2999 | 2 | 3.08 |
| | 4000−4999 | 1 | 1.54 |
| | 5000−5999 | 10 | 15.38 |
| | 6000−6999 | 6 | 9.23 |
| | 7000−7999 | 10 | 15.38 |
| | 8000−8999 | 10 | 15.38 |
| | 9000−9999 | 5 | 7.69 |
| | 10000−10999 | 3 | 4.62 |
| | 11000−11999 | 6 | 9.23 |
| | 12000+ | 12 | 18.46 |
| | **TOTAAL** | **65** | **100** |


| 3.2 | Frekwensie van vergaderings van die finansiële komitee | Frekwensie | % |
|---|---|---|---|
| | Maandeliks | 51 | 79.69 |
| | Kwartaalliks | 9 | 14.06 |
| | Halfjaarliks | 2 | 3.13 |
| | Jaarliks | 2 | 3.13 |
| | **TOTAAL (Een respondent het nie die vraag beantwoord nie)** | **64** | **100** |
| **3.3** | **Uit hoeveel lede bestaan u finansiële komitee?** | **Frekwensie** | **%** |
| | 1 | 0 | 0 |
| | 2 | 4 | 6.25 |
| | 3 | 2 | 3.13 |
| | 4 | 7 | 14.06 |
| | 5 | 19 | 28.13 |
| | 6+ | 31 | 48.44 |
| | **TOTAAL (Twee respondente het nie die vraag beantwoord nie)** | **64** | **100** |
| **3.4** | **Hoeveel lede dien nie op die skoolbeheerliggaam nie?** | **Frekwensie** | **%** |
| | 1 | 30 | 47.62 |
| | 2 | 22 | 34.92 |
| | 3 | 7 | 11.11 |
| | 4 | 3 | 4.76 |
| | 5+ | 1 | 1.59 |
| | **TOTAAL(2 respondente het nie die vraag beantwoord nie)** | **63** | **100** |

| 3.5 | Beskik u skool oor `n eksterne ouditeur? | Frekwensie | % |
|---|---|---|---|
| | Ja | 64 | 98.46 |
| | Nee | 1 | 1.54 |
| | **Totaal** | **65** | **100** |
| **3.6** | **Hoeveel keer per jaar besoek die eksterne ouditeur u skool?** | **Frekwensie** | **%** |
| | 1 | 38 | 59.38 |
| | 2 | 15 | 23.44 |
| | 3 | 7 | 10.94 |
| | 4 | 1 | 1.59 |
| | 5+ | 3 | 4.69 |
| | **TOTAAL**<br>**(Een respondent het nie die vraag beantwoord nie)** | **64** | **100** |
| **3.7** | **Word agendas en notules van finansiële komiteevergaderings gehou?** | **Frekwensie** | **%** |
| | Ja | 63 | 96.92 |
| | Nee | 2 | 3.08 |
| | **TOTAAL** | **65** | **100** |
| **3.8** | **Word begrotingbeheer op elke aankooptransaksie by u skool toegepas?** | **Frekwensie** | **%** |
| | Ja | 62 | 95.38 |
| | Nee | 3 | 4.62 |
| | **TOTAAL** | **65** | **100** |

| 3.9 | Deur wie? Op `n daaglikse basis | Frekwensie | % |
|---|---|---|---|
| | Skoolhoof | 30 | 46.88 |
| | Skoolbeheerliggaam | 4 | 6.25 |
| | Adjunkhoof | 9 | 14.06 |
| | Registrateur | 19 | 29.69 |
| | Onderwyser | 1 | 1.56 |
| | Ander | 1 | 1.56 |
| | **TOTAAL ( 1 respondente het nie die vraag beantwoord nie)** | **64** | **100** |
| **3.10** | **Vir watter bedrag van spandering moet kwotasies verkry word?** | **Frekwensie** | **%** |
| | R1000 | 13 | 20.63 |
| | R2000 | 14 | 22.22 |
| | R3000 | 15 | 23.81 |
| | R4000 | 1 | 1.59 |
| | R5000+ | 20 | 31.75 |
| | **TOTAAL** <br> **(2 respondente het nie die vraag beantwoord nie)** | **63** | **100** |
| **3.11** | **Hoeveel kwotasies moet vir bogenoemde (3.10) verkry word?** | **Frekwensie** | **%** |
| | 1 | 2 | 3.13 |
| | 2 | 14 | 21.88 |
| | 3 | 48 | 75 |
| | **TOTAAL** <br> **(Een respondent het nie die vraag beantwoord nie)** | **64** | **100** |

| **3.12** | **Watter persentasie ouers woon die Algemene Jaarvergadering by?** | **Frekwensie** | **%** |
|---|---|---|---|
| | 10% | 48 | 75 |
| | 20% | 10 | 15.63 |
| | 30% | 3 | 4.69 |
| | 40% | 3 | 4.69 |
| | **TOTAAL**<br><br>**(Een respondent het nie die vraag beantwoord nie)** | **64** | **100** |
| **3.13** | **Word die finansiële prosedures beskryf in die finansiële beleid van u skool?** | **Frekwensie** | **%** |
| | Ja | 63 | 96.92 |
| | Nee | 2 | 3.08 |
| | **TOTAAL** | **65** | **100** |
| **3.14** | **Is u personeel ingelig oor die inhoud en werkwyse in die finansiële beleid beskryf?** | **Frekwensie** | **%** |
| | Ja | 61 | 95.31 |
| | Nee | 3 | 4.69 |
| | **TOTAAL**<br><br>**(Een respondent het nie die vraag beantwoord nie)** | **64** | **100** |

5.3.2.15 U skool se skoolgeld per jaar per leerder (Tabel 5.4 p. 114 en vraag 3.1 p. 211)




71% van die skole hef meer as R7000 per jaar, 55% hef meer as R8000 per jaar, 40% hef meer as R9000 en 32% hef meer as R10 000 per jaar. Die 18% skole wat meer as R12 000 per jaar hef, het almal `n gemiddelde slaagsyfer van meer as 97% oor die laaste 5 jaar. Volgens GDE (2011:9) wissel die skoolgeld van R5970 tot R24 500 per skool per jaar in Gauteng na aanleiding van die tiende skooldag statistiek in Gauteng.

Uit bogenoemde kan die volgende afleidings gemaak word:

- Skole wat meer skoolgeld ontvang, kan meer personeel aanstel (Tabel 5.5 van FEDSAS) sodat klasse kleiner is.
- Meer skoolgeld verseker dat onderrig en leer suksesvol toegepas kan word.


Tabel 5.5 toon die aantal onderwysers aangestel deur die Departement van Onderwys en die aantal onderwysers aangestel deur die skoolbeheerliggame. Dit dui daarop dat volgens FEDSAS se studie 27% van die onderwysers in Suid-Afrika aangestel deur die skoolbeheerliggame betaal word en 26% in Gauteng.

Tabel 5.5: Verspreiding van opvoeder- en nie-opvoederposte volgens FEDSAS (2009:8)

| | Getal opvoeders | | % opvoeders | | Getal nie−opvoeders | | % nie−opvoeders | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Dept. | SBL | Dept. | SBL | Dept. | SBL | Dept. | SBL |
| Gauteng | 378 | 130 | 74,41 | 25,59 | 199 | 122 | 61,99 | 38,01 |
| KZN | 1 114 | 549 | 66,99 | 33,01 | 470 | 522 | 47,38 | 52,62 |
| Limpopo | 588 | 230 | 71,88 | 28,12 | 186 | 209 | 47,09 | 52,91 |
| Mpumalanga | 739 | 294 | 71,54 | 28,46 | 169 | 247 | 40,63 | 59,38 |
| Noordwes | 507 | 245 | 67,42 | 32,58 | 141 | 211 | 40,06 | 59,94 |
| Noord-Kaap | 656 | 179 | 78,56 | 21,44 | 324 | 161 | 66,80 | 33,20 |
| Oos-Kaap | 375 | 128 | 74,55 | 25,45 | 102 | 143 | 41,63 | 58,37 |
| Vrystaat | 2 148 | 556 | 79,44 | 20,56 | 579 | 716 | 44,71 | 55,29 |
| Wes-Kaap | 852 | 472 | 64,35 | 35,65 | 300 | 286 | 51,19 | 48,81 |
| Totaal | 7 357 | 2 783 | 72,55 | 27,45 | 2 470 | 2 617 | 48,56 | 51,44 |


### 5.3.2.16 Frekwensie van vergaderings van die finansiële komitees (Tabel 5.4 p.115 en vraag 3.2 p. 211)

Figuur 5.21 Frekwensie van vergaderings van die finansiële komitee



80% van die skole se finansiële komitees vergader maandeliks wat daarop dui dat daar doeltreffende beheer rakende die finansies in die skole uitgeoefen word.

### 5.3.2.17 Uit hoeveel lede bestaan die finansiële komitee?(Tabel 5.4 p. 115 en vraag 3.3 p. 211)




**Figuur 5.22 Aantal lede wat dien in finansiële komitee**


48% van die skole se finansiële komitees beskik oor 6 of meer lede. Wat kommerwekkend is, is dat 6% oor slegs twee lede beskik.

Uit bogenoemde kan die volgende afleidings gemaak word:

- Finansiële komitees wat uit een of twee lede bestaan wat belangrike uitgawes moet goedkeur, skep die moontlikheid van wanaanwending van fondse.
- Die meerderheid skole het vyf of meer lede in die finansiële komitee.
- Die meeste skole se finansiële komitees is goed gestruktureerd.

5.3.2.18 Hoeveel lede is op u finansiële komitee wat nie in die skoolbeheerliggaam dien nie? (Tabel 5.4 p.115 en vraag 3.4 p. 211)

Figuur 5.23 Aantal lede van finansiële komitee wat nie in die skoolbeheerliggaam dien nie





48% het een lid wat nie op die skoolbeheerliggaam dien nie en 82% van die skole het een of twee lede wat nie op die beheerliggaam is nie.

Uit bogenoemde kan die volgende afleidings gemaak word:

- Dit dui daarop dat die grootste verteenwoordiging in finansiële komitees uit skoolbeheerliggaamlede bestaan.
- Daar is voldoende onafhanklike persone in die finansiële komitee.
- Skole verseker dat die finansiële komitee saamgestel word deur verteenwoordigers van die gemeenskap, ouers en ander persone wat `n bydrae kan maak tot die bestuur en beheer van die skool se finansies.

5.3.2.19 Beskik u skool oor `n eksterne ouditeur? (Tabel 5.4 p.116 en vraag 3.5 p. 211)





98% van die skole beskik oor `n eksterne ouditeur en slegs 2% beskik nie daaroor nie.

Uit bogenoemde kan die volgende afleidings gemaak word:

- Dat een skool nie oor `n eksterne ouditeur beskik nie, is moontlik die gevolg van onkunde omdat die skool nie weet wat die Skolewet ten opsigte van `n eksterne ouditeur bepaal nie.
- Die meeste skole gee gehoor aan die bepalings van die Skolewet in Artikel 43 dat hulle oor `n eksterne ouditeur moet beskik.
- Die skole verseker dat hulle finansiële state ouditeer word wat dui op vertroue in hulle finansies, werkwyse en boekstawing daarvan.

5.3.2.20 Hoeveel keer per jaar besoek die eksterne ouditeur u skool om die state na te gaan? (Tabel 5.4 p.116 en vraag 3.6 p. 211)





59% van die skole se ouditeure besoek hulle een keer per jaar en 24% se skole twee keer per jaar. 19% se ouditeure besoek hulle meer as drie keer per jaar om die finansiële state van die betrokke skool na te gaan.

Uit bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word dat:

- skole waar die ouditeur meer as een maal per jaar 'n oudit doen, doen dit sodat die finansies van die betrokke jaar ouditeer kan word gedurende die jaar en regstellings gemaak kan word op aandrang van die ouditeur;
- skole wat slegs aan die einde van die jaar gouditeer word, kan finansiële aanpassings maak slegs gedurende die volgende finansiële jaar.

5.3.2.21 Word agendas en notules van finansiële komitees bygehou? (Tabel 5.4 p.116 en vraag 3.7 p. 211)





97% van die skole hou notules en agendas van hulle finansiële komiteevergaderings terwyl 3% skole geen notules en agendas hou nie.

Uit bogenoemde kan die volgende gevolgtrekking gemaak word:

- Die nodige finansiële prosedures en werkwyses word in 95% van die gevalle gevolg.

5.3.2.22 Word begrotingbeheer toegepas? (Tabel 5.4 p.116 en vraag 3.8 p. 212)




95% van die skole pas begrotingbeheer toe terwyl 5% van die skole dit nie doen nie.

5.3.2.23 Deur wie word begrotingbeheer op `n daaglikse basis toegepas? (Tabel 5.4 p.117 en vraag 3.9 p. 212)





Die begrotingbeheer word daagliks soos volg toegepas:

- Skoolhoof 47%
- Skoolbeheerliggaam 6%
- Adjunkhoof 14%
- Registrateur aangestel deur die skoolbeheerliggaam 30%
- Onderwysers 2%
- Ander 2%

Uit bogenoemde kan die volgende gevolgtrekking gemaak:


- In die groter skole wat dit kan bekostig, word die taak aan `n registrateur oorgedra. In ander skole word dit aan `n adjunkhoof of `n personeellid gedelegeer sodat die skoolhoof hom kan toespits op die professionele bestuur van die betrokke skool.
- In 6% gevalle word die begrotingbeheer op `n daaglikse basis toegepas deur die skoolbeheerliggaamlede. Dit is uitsonderlik aangesien die skoolbeheerliggaamlede nie aan die skool verbonde is nie.
- Die skole besef dat finansiële bestuur van kardinale belang vir die skool se voortbestaan is.

### 5.3.2.24 Vir watter bedrag van spandering moet kwotasies verkry word? (Tabel 5.4 p.117 en vraag 3.10 p. 212)




Hier wissel dit van skool tot skool; 57% van die skole moet kwotasies vir ten minste R3 000 kry. Daar is selfs 21% van die skole waar `n kwotasie verkry moet word vir R1000 spandering

### 5.3.2.25 Hoeveel kwotasies is nodig vir spanderingaanvrae? (Tabel 5.4 p.117 en vraag 3.11 p. 212)




75% van die skole moet 3 kwotasies kry vir `n begrotingaanvraag.

5.3.2.26 Watter persentasie ouers woon die Algemene Jaarvergadering van u skool by? (Tabel 5.4 p.118 en vraag 3.12 p. 212)





By 75% van die skole woon minder as 10% van die ouers die Algemene Jaarvergadering by.

Uit bogenoemde kan die volgende gevolgtrekking gemaak word:

➢ Dit is kommerwekkend dat so min ouers belangstel in so `n belangrike saak waar die vasstelling van skoolgeld en vrystellingkriteria bepaal word, en die vergoeding van addisionele personeel, die jaarverslag van die hoof, ouditeursverslag ensomeer bespreek word.

5.3.2.27 Word u finansiële prosedure van die skool beskryf in die finansiële beleid ? (Tabel 5.4 p.118 en vraag 3.13 p. 212)




97% van die skole, wat baie hoog is, beskryf die finansiële prosedures in hulle finansiële beleid. 2% van die skole beskik heel waarskynlik nie oor `n finansiële komitee nie aangesien een respondent nie vraag 3.2 en 3.3 p.127 beantwoord het nie.

5.3.2.28 Is u personeel ingelig oor die inhoud en werkwyses in die finansiële beleid beskryf van die skool? (Tabel 5.4 p.118 en vraag 3.14 p. 212)




**Figuur 5.33 Is personeel ingelig oor inhoud en werkwyse in die skool se finansiële beleid beskryf ?**

95% van die skole se personeel is ingelig oor die inhoud en werkwyse van die finansiële beleid van die betrokke skool; dit is `n baie hoë persentasie.

### 5.3.2.29 Buitemuurse aktiwiteite en akademie van die skool (Vraag 4.1 tot vraag 4.3 p. 213)


Een van die doelwitte van hierdie navorsing is om te bepaal of geld aangewend op buitemuurse aktiwiteite en akademie bydra tot die bevordering van onderrig en leer in `n skool.(par. 1.5.3)

**Tabel 5.6 Buitemuurse aktiwiteite en akademie van die skool**

1= glad nie 2 = geringe mate 3= redelike mate 4= hoë mate


| Nr. | Vraag | Waarde | Frekwensie | % | Kumulatiewe Frekwensie | Kumulatiewe % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 4.1 | Deelname aan sport en/of kultuuraktiwiteite bevorder akademiese prestasie | 1<br>2<br>3<br>4 | 2<br>0<br>20<br>43 | 3.08<br>0<br>30.77<br>66.15 | 2<br>2<br>22<br>65 | 3.08<br>3.08<br>33.85<br>100 |
| 4.2 | Leerlinge wat aan sport en/of kultuuraktiwiteite deelneem, beklee ook die top 10 posisies in akademie. | 1<br>2<br>3<br>4 | 1<br>6<br>25<br>33 | 1.54<br>9.23<br>38.46<br>50.77 | 1<br>7<br>32<br>65 | 1.54<br>10.77<br>49.23<br>100 |
| 4.3 | Geld aangewend vir sport- en kultuuraktiwiteite bevorder effektiewe onderrig en leer in `n skool. | 1<br>2<br>3<br>4 | 3<br>5<br>27<br>30 | 4.62<br>7.69<br>41.54<br>46.15 | 3<br>8<br>35<br>65 | 4.62<br>12.31<br>53.85<br>100 |

### 5.3.2.30 Deelname aan sport- en/of kultuuraktiwiteite bevorder akademiese prestasie (Tabel 5.6 p.133 en vraag 4.1 p. 213)





66% van die respondente stem saam dat in hulle betrokke skool sport- en kultuuraktiwiteite wel akademiese prestasie bevorder. As die respondente onder "redelike mate" ook in ag geneem word stem 97% stem saam dat sport en kultuur akademiese prestasie bevorder.

5.3.2.31 Leerlinge wat aan sport- en/of kultuuraktiwiteite deelneem, beklee ook die top 10 posisies in akademie (Tabel 5.6 p.133 en vraag 4.2 p. 213)




89% van die leerlinge wat aan sport en kultuur deelneem, beklee ook die top 10 akademiese posisies in hulle skole wat daarop dui dat sport en kultuur bevorderlik is vir die akademiese prestasie van die leerlinge.

5.3.2.32 Bevorder geld aangewend vir sport- en kultuuraktiwiteite effektiewe onderrig en leer in die skool? (Tabel 5.6 p.133 en vraag 4.3 p. 213)





88% van die respondente is van mening dat geld aangewend vir sport en kultuur effektiewe onderrig en leer in skole bevorder.

Tabel 5.7 Aantal deelnemers aan sport- en kultuuraktiwiteite (Vraag 4.4 en 4.5 p.206)

| Vraagnr. | Vraag | Frekwensie | % |
|---|---|---|---|
| **4.4** | **Hoeveel sportsoorte word in u skool aangebied?** | **Frekwensie** | **%** |
| | 0−5 | 5 | 7.69 |
| | 6−9 | 16 | 24.62 |
| | 10−15 | 38 | 58.46 |
| | 16 en meer | 6 | 9.23 |
| | **TOTAAL** | **65** | **100** |
| **4.5** | **Hoeveel kultuuraktiwiteite word in u skool aangebied?** | **Frekwensie** | **%** |
| | 0−5 | 14 | 21.54 |
| | 6−9 | 33 | 50.77 |
| | 10−15 | 14 | 21.54 |
| | 16 en meer | 4 | 6.15 |
| | **TOTAAL** | **64** | **100** |

5.3.2.33 Hoeveel sportsoorte word aangebied in u skool? (Tabel 5.7 p.137 en vraag 4.4 p. 213)





58% van die skole bied 10−15 sportsoorte aan vir hulle leerlinge om aan deel te neem terwyl 32% van die skole tot 9 sportsoorte vir hulle leerlinge aanbied. Die gewildste sportsoorte wat die meeste skole aanbied volgens Fedsas (2009:32) is die volgende:

- Atletiek; netbal; rugby; krieket; hokkie; tennis; skaak; sokker; swem; landloop; gholf en muurbal.

5.3.2.34 Hoeveel kultuuraktiwiteite word aangebied in u skool? (Tabel 5.7 p.137 en vraag 4.5 p. 213)

**Figuur 5.38 Hoeveel kultuuraktiwiteite word aangebied in u skool?**




51% van die skole bied tot nege kultuuraktiwiteite aan hulle leerlinge terwyl 22% van die skole ten minste tien kultuuraktiwiteite aan hulle leerlinge bied.

Die gewildste kultuuraktiwiteite wat die meeste skole aanbied is volgens Fedsas (2009:32) die volgende: koor; redenaarkompetisie; drama; debat; ACSV; revue; musiek; toneel; trompoppies en Voortrekkers.

### 5.3.2.35 Begrotingspandering (Vraag 5.1 tot vraag 5.7 p. 214)

Een van die doelwitte van hierdie navorsing is om te bepaal watter faktore beïnvloed die toewysings van uitgawes in 'n begroting (par. 1.5.7)


| Tabel 5.8 Proporsionele toewysings van begrotingbedrae | | | |
|---|---|---|---|
| **Nr.** | **Vraag** | **Frekwensie** | **%** |
| **5.1** | **Administrasiekoste (Bankkoste, dupliseerkoste, telefoon, huur van apparaat, advertensies, ens.)** | **Frekwensie** | **%** |
| | 0 – 10% | 36 | 57.14 |
| | 11 – 20% | 18 | 28.57 |
| | 21 – 30% | 7 | 11.11 |
| | 31 – 40% | 1 | 1.59 |
| | 41 – 50% | 1 | 1.59 |
| | 50+ %<br><br>(2 respondente het nie die vraag beantwoord nie) | 0 | 0 |
| **5.2** | **Buitemuurse aktiwiteite (Sport, kultuur, vervoerkoste na sport ofkultuuraktiwiteite, ens.)** | **Frekwensie** | **%** |
| | 0 – 10% | 34 | 53.97 |
| | 11 – 20% | 16 | 25.40 |
| | 21 – 30% | 8 | 12.70 |
| | 31 – 40% | 5 | 7.94 |
| | 41 – 50% | 0 | 0 |
| | 50+ %<br><br>(2 respondente het nie die vraag beantwoord nie) | 0 | 0 |

| 5.3 | Instandhouding van geboue, terrein en voertuie | Frekwensie | % |
|---|---|---|---|
| | 0 – 10% | 30 | 47.62 |
| | 11 – 20% | 24 | 38.10 |
| | 21 – 30% | 5 | 7.94 |
| | 31 – 40% | 3 | 4.76 |
| | 41 – 50% | 1 | 1.59 |
| | 50+ % (2 respondente het nie die vraag beantwoord nie) | 0 | 0 |
| **5.4** | **Kurrikulum** | **Frekwensie** | **%** |
| | 0 – 10% | 26 | 41.27 |
| | 11 – 20% | 20 | 32.26 |
| | 21 – 30% | 7 | 11.29 |
| | 31 – 40% | 3 | 4.84 |
| | 41 – 50% | 2 | 3.23 |
| | 50+ % | 4 | 6.45 |
| | Drie respondente het nie die vraag beantwoord nie | | |
| **5.5** | **Munisipale heffings (Water en elektrisiteit, reinigingdienste, munisipale belastings, ens.)** | **Frekwensie** | **%** |
| | 0 – 10% | 42 | 66.67 |
| | 11 – 20% | 13 | 20.63 |
| | 21 – 30% | 6 | 9.52 |
| | 31 – 40% | 0 | 0 |
| | 41 – 50% | 1 | 1.59 |
| | 50+ % | 1 | 1.59 |
| | 2 respondente het nie die vraag beantwoord nie | | |

| **5.6** | **Personeelsalarisse (Skoolbeheerliggaam-aanstellings)** | **Frekwensie** | **%** |
|---|---|---|---|
| | 0 – 10% | 5 | 8.06 |
| | 11 – 20% | 12 | 19.35 |
| | 21 – 30% | 12 | 19.35 |
| | 31 – 40% | 13 | 20.97 |
| | 41 – 50% | 15 | 24.19 |
| | 50+ % | 5 | 8.06 |
| **5.7** | **Personeel ekstra vergoeding (Artikel 38A)** | **Frekwensie** | **%** |
| | 0 – 10% | 54 | 87.1 |
| | 11 – 20% | 6 | 9.68 |
| | 21 – 30% | 1 | 1.61 |
| | 31 – 40% | 0 | 0 |
| | 41 – 50% | 0 | 0 |
| | 50+ % | 1 | 1.61 |
| | 2 respondente het nie die vraag beantwoord nie | | |


Vervolgens word elkeen van bogenoemde spanderingitems in sirkeldiagramme voorgestel en kortliks bespreek.

5.3.2.36 Proporsionele toewysings aan administratiewe koste(Tabel 5.8 p.140 en vraag 5.1 p. 214)





57% van die skole bestee tussen 0 en 10% van hulle begroting aan administratiewe kostes terwyl 29% tussen 11 en 20% bestee.

5.3.2.37 Proporsionele toewysing aan buitemuurse aktiwiteite (Tabel 5.8 p.140 en vraag 5.2 p. 214)





54% van die skole spandeer tussen 0 tot 10% van hulle begroting aan buitemuurse aktiwiteite terwyl 25% tussen 11% en 20% bestee.

5.3.2.38 Proporsionele toewysing aan instandhouding van geboue, terrein en voertuie (Tabel 5.8 p.141 en vraag 5.3 p. 214)





48% van die skole spandeer tussen 0 en 10% van hulle begrotings aan die instandhouding van geboue, terrein en voertuie. 38% van die skole spandeer tussen 11% en 20% van begroting aan instandhouding.

5.3.2.39 Proporsionele toewysing aan die kurrikulum (Tabel 5.8 p.1418 en vraag 5.4 p. 214)




42% van die skole spandeer tussen 0 en 10% van hulle begrotings aan die kurrikulum. 32% van die skole spandeer tussen 11% en 20% van die begroting aan die kurrikulum.

5.3.2.40 Proporsionele toewysing aan munisipale dienste (Tabel 5.8 p.141 en vraag 5.5 p. 214)




67% van die skole spandeer tussen 0 en 10% van hulle begroting aan munisipale heffings vir geboue, terrein en voertuie. 21% van die skole spandeer tussen 11% en 20% van hul begroting aan munisipale heffings.


Die bedrae hierbo dui slegs die persentasies van individuele skole se spandering aan munisipale dienste aan. Om die omvang van betalings op nasionale vlak aan munisipaliteite te verstaan, word die onderstaande tabel ter insae geplaas (FEDSAS 2009:25).

Tabel 5.9 Bedrag vir munisipale dienste

| | Kwintiel 1 | Kwintiel 2 | Kwintiel 3 | Kwintiel 4 | Gemiddeld | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Gauteng** | 169 500 | 232 207 | 429 435 | 655 149 | 306 462 | 3 371 084 |
| **KZN** | 48 263 | 96 954 | 149 360 | 395 599 | 115 356 | 7 382 755 |
| **Limpopo** | 52 978 | 136 526 | 214 219 | 960 000 | 177 862 | 4 802 277 |
| **Mpumalanga** | 34 700 | 83 954 | 133 763 | 499 604 | 103 413 | 4 136 537 |
| **Noordwes** | 43 800 | 73 386 | 141 818 | 262 599 | 97 367 | 2 823 639 |
| **Noord-Kaap** | 49 830 | 76 644 | 161 586 | 513 523 | 128 240 | 4 873 136 |
| **Oos–Kaap** | 29 169 | 44 425 | 89 894 | 139 029 | 60 523 | 1 331 510 |
| **Vrystaat** | 42 321 | 85 000 | 147 936 | 1 916 619 | 139 393 | 15 472 648 |
| **Wes-Kaap** | 80 397 | 118 276 | 178 147 | 691 872 | 148 657 | 6 986 868 |
| **RSA** | **45 904** | **91 700** | **160 000** | **1 916 619** | **131 569** | **51 180 454** |


Volgens Fedsas (2009:25) wissel die gemiddelde bedrag wat skole vir munisipale dienste betaal van net meer as R60 000 in die Oos-Kaap tot R306 000 in Gauteng. Die gemiddeld vir al die skole in die opname beloop sowat R132 000.

5.3.2.41 Proporsionele toewysing aan personeelsalarisse (Tabel 5.8 p.142 en vraag 5.6 p. 214)





24% spandeer tussen 41% en 50% en nog 21% spandeer tussen 21% en 30% van hulle begroting aan beheerliggaampossalarisse; dit is die grootste spandering van alle items in die begroting.

5.3.2.42 Proporsionele toewysing aan ekstra vergoeding aan personeel (Artikel 38A) (Tabel 5.8 p. 142 en vraag 5.7 p. 214)




87% bestee tussen 0 en 10% aan ekstra vergoeding terwyl 11% tot 20% soveel as 10% aan ekstra vergoeding spandeer.

5.3.2.43 Proporsionele toewysing aan uitgawes (tussen 31 en 50+%) (Tabel 5.8 p. 142)




Uit bogenoemde tabel is die spandering tussen 31 en 50+% soos volg is:

1. Personeelsalarisse 73%
2. Kurrikulum 55%
3. Buitemuurse aktiwiteite 21%
4. Instandhouding van die terrein en geboue en voertuie 14%
5. Administratiewe kostes 14%
6. Munisipale heffings 13%
7. Ekstra vergoeding (Artikel 38A) 3%

### 5.3.2.44 Prioriteitlys vir die bepaling van uitgawes met die opstel van die begroting (Vraag 6 p. 215)

Een van die doelwitte van hierdie navorsing is om watter prioriteite word deur finansiële komitees gebruik met die opstel van 'n begroting (par. 1.5.1)

**Tabel 5.10 Prioriteitlys vir die bepaling van uitgawes met die opstel van die begroting**


**1 = belangrikste en 7 = die laagste op die prioriteitlys**

| Nr | Vraag | Waarde | Frekwensie | % | Kumulatiewe Frekwensie | Kumulatiewe % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 6.1 | Administrasie (Bankkoste, dupliseerkoste, telefoon, huur van apparaat, advertensies, ens.)<br><br>Een respondent het nie die vraag beantwoord nie | 1 | 6 | 9.52 | 6 | 9.52 |
| | | 2 | 8 | 12.70 | 14 | 22.22 |
| | | 3 | 20 | 31.75 | 34 | 53.97 |
| | | 4 | 7 | 11.11 | 41 | 65.08 |
| | | 5 | 7 | 11.11 | 48 | 76.19 |
| | | 6 | 11 | 17.46 | 59 | 93.65 |
| | | 7 | 4 | 6.35 | 63 | 100 |
| 6.2 | Buitemuurse aktiwiteite (Sport, kultuuraktiwiteite ens.)<br><br>Vier respondente het nie die vraag beantwoord nie | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | | 2 | 6 | 9.52 | 6 | 9.52 |
| | | 3 | 7 | 11.11 | 13. | 20.63 |
| | | 4 | 12 | 19.05 | 25 | 39.68 |
| | | 5 | 14 | 22.22 | 39 | 61.90 |
| | | 6 | 24 | 38.10 | 63 | 100 |
| | | 7 | 0 | 0 | 63 | 100 |

| 1 = belangrikste en 7 = die laagste op die prioriteitlys | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **No.** | **Vraag** | **Waarde** | **Frekwensie** | **%** | **Kumulatiewe Frekwensie** | **Kumulatiewe %** |
| 6.3 | Buitemuurse aktiwiteite (Sport, kultuuraktiwiteite, ens.)<br><br>Vier respondente het nie die vraag beantwoord nie | 1<br>2<br>3<br>4<br>5<br>6<br>7 | 0<br>6<br>7<br>12<br>14<br>24<br>0 | 0<br>9.52<br>11.11<br>19.05<br>22.22<br>38.10<br>0 | 0<br>6<br>13.<br>25<br>39<br>63<br>63 | 0<br>9.52<br>20.63<br>39.68<br>61.90<br>100<br>100 |
| 6.4 | Instandhouding van geboue, terrein en voertuie<br><br>Vier respondente het nie die vraag beantwoord nie | 1<br>2<br>3<br>4<br>5<br>6<br>7 | 0<br>7<br>8<br>15<br>22<br>7<br>4 | 0<br>11.11<br>12.70<br>23.81<br>34.92<br>11.11<br>6.35 | 0<br>7<br>15<br>30<br>52<br>59<br>63 | 0<br>11.11<br>23.81<br>47.62<br>82.54<br>93.65<br>100 |
| 6.5 | Kurrikulum<br><br>Vier respondente het nie die vraag beantwoord nie | 1<br>2<br>3<br>4<br>5<br>6<br>7 | 20<br>11<br>18<br>7<br>2<br>6<br>0 | 31.75<br>17.46<br>28.57<br>11.11<br>3.17<br>7.94<br>0 | 20<br>31<br>49<br>56<br>58<br>63<br>63 | 31.75<br>49.21<br>77.78<br>88.89<br>92.06<br>100<br>100 |
| 6.6 | Munisipale heffings (Water en elektrisiteit, reinigingdienste, munisipale belastings, ens.)<br><br>Vier respondente het nie die vraag beantwoord nie | 1<br>2<br>3<br>4<br>5<br>6<br>7 | 6<br>11<br>9<br>17<br>11<br>7<br>2 | | 6<br>17<br>26<br>43<br>53<br>60<br>62 | 9.52<br>26.98<br>41.27<br>68.25<br>85.17<br>96.83<br>100 |

| 1 = belangrikste en 7 = die laagste op die prioriteitslys | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Nr.** | **Vraag** | **Waarde** | **Frekwensie** | **%** | **Kumulatiewe Frekwensie** | **Kumulatiewe %** |
| 6.7 | Personeelsalarisse (Skoolbeheerliggaam-aanstellings)<br><br>Vyg respondente het nie die vraag beantwoord nie | 1<br>2<br>3<br>4<br>5<br>6<br>7 | 29<br>19<br>3<br>4<br>3<br>3<br>2 | 46.03<br>30.16<br>4.76<br>6.35<br>4.76<br>4.76<br>3.17 | 29<br>48<br>51<br>55<br>58<br>61<br>63 | 46.03<br>76.19<br>80.95<br>87.30<br>92.06<br>96.83<br>100 |
| 6.8 | Personeel ekstra vergoeding (Artikel 38A)<br><br>Vyf respondente het nie die vraag beantwoord nie | 1<br>2<br>3<br>4<br>5<br>6<br>7 | 3<br>5<br>0<br>1<br>1<br>3<br>50 | 4.76<br>7.94<br>0<br>1.59<br>1.59<br>4.76<br>79.37 | 3<br>8<br>8<br>9<br>10<br>13<br>63 | 4.76<br>12.70<br>14.29<br>15.87<br>15.87<br>20.63<br>100 |

5.3.2.45 Prioriteitlys van uitgawes in die opstel van die begroting (Tabel 5.10 p.152 en vraag 6 p. 215)




Uit bogenoemde is die hoogste prioriteite van die spandering soos volg:

(Prioriteit een is as maatstaf gebruik; indien geen waarde vir prioriteit een is die waarde van prioriteit twee geneem)

1. Personeelsalarisse
2. Kurrikulum
3. Administratiewe kostes
4. Munisipale dienste
5. Ekstra vergoeding (artikel 38A)
6. Instandhouding van die terrein en geboue en voertuie
7. Buitemuurse aktiwiteite


### 5.3.2.46 Hantering van finansiële krisisse (Vraag 7.1 – 7.4 p. 216)

Een van die doelwitte van hierdie navorsing is om te bepaal watter faktore speel 'n rol in die hantering van finansiële krisisse? (par. 1.5.5)

| Tabel 5.11 Dui die hantering van finansiële krisisse aan | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1 = Glad nie 2 = Geringe mate 3 = Redelike mate 4 = Hoë mate** | | | | | | |
| **Nr.** | **Vraag** | **Waarde** | **Frekwensie** | **%** | **Kumulatiewe Frekwensie** | **Kumulatiewe %** |
| 7.1 | Indien die begrote inkomstes nie realiseer nie, word die begroting aangepas? Twee respondente het nie die vraag beantwoord nie | 1<br>2<br>3<br>4 | 10<br>15<br>6<br>30 | 16.39<br>24.59<br>9.84<br>49.18 | 10<br>25<br>31<br>61 | 16.39<br>40.98<br>50.82<br>100 |
| 7.2 | Beskik die skool oor `n aparte bankrekening (met departementele toestemming) om voorsiening te maak vir uitgawes aan die einde van die jaar?<br><br>Drie respondente het nie die vraag beantwoord nie | 1<br>2<br>3<br>4 | 42<br>3<br>2<br>14 | 68.85<br>4.92<br>3.28<br>22.95 | 42<br>45<br>47<br>61 | 68.85<br>73.77<br>77.05<br>100 |


| 1 = Glad nie 2 = Geringe mate 3 = Redelike mate 4 = Hoë mate | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Nr.** | **Vraag** | **Waarde** | **Frekwensie** | **%** | **Kumulatiewe Frekwensie** | **Kumulatiewe %** |
| 7.3 | Kan u skool elke maand al die lopende uitgawes betaal sonder om oortrokke te raak?<br><br>Vier respondente het nie die vraag beantwoord nie | 1<br>2<br>3<br>4 | 5<br>5<br>15<br>36 | 8.20<br>8.20<br>24.59<br>59.02 | 5<br>10<br>25<br>61 | 8.20<br>16.39<br>40.98<br>100 |
| 7.4 | Word uitgawes wat betaal moet word, geprioritiseer sodat uitgawes slegs aangegaan word indien daar fondse daarvoor beskikbaar is?<br><br>Vier respondente het nie die vraag beantwoord nie | 1<br>2<br>3<br>4 | 12<br>5<br>13<br>31 | 19.67<br>8.20<br>21.31<br>50.82 | 12<br>17<br>30<br>61 | 19.67<br>27.87<br>49.18<br>100 |

5.3.2.47 Indien die begrote inkomste nie realiseer nie, word die begroting aangepas? (Tabel 5.11 p.156 en vraag 7.1 p. 216)





59% van skole pas hulle begroting aan indien die inkomste nie realiseer nie terwyl 41% skole dit nie doen nie, wat kommerwekkend is.

5.3.2.48 Beskik u oor `n aparte bankrekening om voorsiening te maak vir uitgawes aan die einde van die jaar? (Tabel 5.11 p.156 en vraag 7.2 p. 216)




72% van die skole beskik nie oor `n aparte bankrekening om voorsiening te maak vir uitgawes aan die einde van die jaar nie; die afleiding is daarom dat die skole nie voorsiening maak vir die maande waarin daar nie skoolgeld ontvang word nie.


5.3.2.49 Kan u skool elke maand al die lopende uitgawes betaal sonder om oortrokke te raak? (Tabel 5.11 p.157 en vraag 7.3 p. 216)




84% van die skole kan wel elke maand hulle verpligtinge nakom terwyl 8% in `n geringe mate en 8% glad nie hulle verpligtinge kan nakom nie.

5.3.2.50 Word uitgawes wat betaal moet word, geprioriseer sodat uitgawes slegs aangegaan word indien daar fondse daarvoor beskikbaar is? (Tabel 5.11 p.157 en vraag 7.4 p. 216)

**Figuur 5.51 Word uitgawes wat betaal moet word, geprioriseer sodat uitgawes slegs aangegaan word indien daar fondse beskikbaar is?**




72% van die skole prioritiseer hulle uitgawes terwyl slegs 20% dit glad nie prioritiseer nie, en 8% slegs in `n geringe mate.

## 5.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die is empiriese ondersoekproses beskryf, soos onder andere die empiriese ondersoek deur middel van die vraelyste en die statistiese verwerking van die response. Vervolgens is die interpretasie van die data gegee wat bestaan uit afleidings, tabelle en figure. Respondente is genader met `n gestruktureerde vraelys om hulle sienings van die vrae te gee. Nadat die respondente se data ingesamel is, is dit oorhandig aan die Universiteit van Pretoria se Departement Statistiek wat die data deur middel van die SAS-program verwerk het.

In hoofstuk 6 word die navorsing saamgevat en aanbevelings en gevolgtrekkings word gemaak.